

1. INLEIDING

Algemeen

Die handelsopleiding aan die Suid-Afrikaanse universiteite het merendeels in die laat twintiger jare begin. Soos verwag kon word, was die getal studente aan die begin gering en die sakelewe nie juis baie entoesiasies oor dié graad nie. Maar die toestande het verander; groot ontwikkeling het op die gebied van die handel en nywerheid plaasgevind; die behoefte aan opgeleide personeel het groter geword en die waarde van universitêre handelsopleiding is beter besef. Die gevolg was dat die gewildheid van hierdie soort opleiding geweldig toegeneem het.

Die handelsopleiding aan die universiteite word deur die fakulteite van ekonomiese wetenskappe behartig, en na die voltooiing van die studie word of 'n graad of 'n diploma aan die studente uitgereik.

2. VOORGRAADSE OPLEIDING

Die graad wat hier verwerf kan word, is B.Comm.

Die getal vakkursusse vir die B.Comm. wissel van 13 tot 17. Hoewel dit as baie voorkom, is die hoeveelheid werk vir die B.Comm. min of meer dieselfde as vir die grade B.Sc. of B.A.

2.1 Die vernaamste gebruiklike vakke is:

Ekonomie en Geld- en Bankwese, wat die breë perspektief oor die ekonomiese lewe gee;

Ekonomiese Geskiedenis, wat 'n oorsig van die ontwikkeling van die ekonomiese lewe gee;

Bedryfsekonomie, wat 'n insig gee in die werking van die individuele bedryf;

Rekeningkunde, wat toon hoe die boekhouding in die bedryf plaasvind;

Ouditkunde, wat leer hoe om te toets of die inskrywings in die bedryf se finansiële boeke reg geskied;

Finansies en Statistiek, wat leer hoe om sekere berekeninge in die bedryf te maak; die finansies kom baie ooreen met die gewone handelswiskunde;

'n taal, wat vir goeie kommunikasie nodig is;

Handelsreg, wat 'n insig in die bedryf se regsaspekte gee;

Kosteberekening, wat aan die bepaling van die bedryf se koste aandag gee;

Inkomstebelasting, wat sekere van die belastingsaspekte behartig;

Bedryf- en Personeelsielkunde, wat sekere sielkundige aspekte in die bedryf bestudeer;

Landbouekonomie, wat aandag aan die ekonomiese aspekte van die landbou gee;

Distribusiehandel, wat 'n intensiewe studie van die groot- en kleinhandelsprobleme maak; en

Versekeringswese, wat die verskillende aspekte van assuransie bestudeer.

2.2 Die B.Comm.-student kan in sekere rigtings spesialiseer, afhange van die beroep wat hy later wil kies.

B.Comm.(Ekonomie): dit bevat al die belangrikste vakke en gee die student 'n breë agtergrond. Dit is besonder geskik vir toekomstige handelonderwysers.

B.Comm.(Bedryfseconomie) met Bedryfseconomie en Kosteberekening as belangrikste vakke, is toegespits op die sakelewe.

B.Comm.(Rekeningkunde): dit is bedoel vir studente wat as rekenmeesters wil kwalifiseer.

B.Comm.(Statistiese Wiskunde): dit is bedoel vir studente wat goed in wiskunde presteer en wat beroepe verkies waar heelwat met statistieke gewerk word, soos in die Reserwebank, versekeringsmaatskappye, navorsingsafdelings van ondernemings of die staat.

B.Comm.(Bedryf- en personeelsielkunde): dit is bedoel vir studente wat later heelwat met personeelsake te doen sal hê.

B.Comm.(Regte): Dit lei tot die LL.B. en open deure na baie regsberoepes in die handelswêreld, soos die van regsadviseur.

3. VEREISTE MATRIEKVAKKE

Oor die algemeen word geen besondere matriekvakke vir die B.Comm.-studie vereis nie, behalwe Wiskunde vir die rigting B.Comm.(Statistiese Wiskunde). Dit is egter wenslik, hoewel nie noodsaaklik nie, dat alle voornemende B.Comm.-studente Wiskunde op die middelbare skool neem. Sommige universiteite stel Wiskunde as 'n vereiste, omdat wiskundige kennis die begryp van sommige verduidelikings vergemaklik. So is dit ook wenslik dat diegene wat B.Comm.(Regte) wil neem, Latyn by hulle matriekulasievakke insluit, anders moet hulle 'n voorbereidende kursus in Latyn op universiteit neem. Matriekboekhou gee die student in die eerste jaar weer 'n voorsprong ten opsigte van Rekeningkunde, maar dit hoef nie noodwendig vir matriek geneem te word nie, aangesien Rekeningkunde van meet af op universiteit begin word. Die leerplan word egter vinniger as op skool afgehandel.

4. NAGRAADSE STUDIE

Die Honns. B.Comm. kan een jaar na die B.Comm., en die M.Comm. een jaar na die Honns.B.Comm. behaal word.

Studente kan in die honneursstudie in Ekonomie, Bedryfsekonomie (insluitend Handel), Geld- en Bankwese, Rekeningkunde, Kosteberekening, Statistiese Wiskunde of Bedryf- en persoonneelsielkunde) spesialiseer.

Die honneursstudie in Rekeningkunde is toegespits op die voorbereiding van die student vir die eksamen van die geok-

trooieerde rekenmeesters. Studie hierin is natuurlik meer gevorderd, en die bedoeling is om die student se algemene teoretiese kennis van sy vak af te rond.

Die M.Comm.-leergang bestaan meestal uit die bestudering van twee onderwerpe waarin die student belangstel en wat hy in sy beroep nuttig kan gebruik. Behalwe hierdie twee onderwerpe, moet die student ook 'n skripsie (d.i. 'n kort meestersgraadverhandeling) skrywe om te toon of hy die vermoë besit om 'n wetenskaplike stuk werk te lewer.

Vir die verwerwing van die D.Comm.-graad moet die student slegs 'n proefskrif skrywe.

Die P.U. vir C.H.O. bied ook 'n honneurs-, meesters- en doktorsgraadkursus in bedryfsadministrasie, bekend as H.B.A., M.B.A. en D.B.A. aan. Dit is bedoel vir studente wat reeds een of ander baccalaureusgraad en die nodige ervaring in die bedryfswêreld besit, maar graag in die ekonomiese rigting verder wil studeer, omdat hulle dié kennis in hulle werk baie nodig kry.

Nagraadse studie word baie sterk aanbeveel omdat dit die kennis van die vak so verruim dat die student met gesag oor sy vak kan praat en daardeur veel aan selfvertroue wen. Bovenendien geniet iemand met 'n nagraadse kwalifikasie beslis voorkeur bo iemand met slegs 'n B.Comm.-graad. Hiermee word nie bedoel dat B.Comm.-studente sukkel om werk te kry nie; intendeel, daar kan nie genoeg van hulle gelewer word nie. Die groot vraag na hulle moet daaraan toegeskrywe word dat hulle in 'n groot verskeiden-

heid werke gebruik kan word, soos o.a. gewone klerke in die Staatsdiens en die bedryfslewe, boekhouers, rekenmeesters, kosterekenaars, ekonomiese navorsers, later bestuurders, takbestuurders of bestuursraadgewers; ook as onderwysers met of sonder die onderwyskwalifikasie. Die salarisse sal gevolglik baie wissel.

5. DIPLOMAS

Die P.U. vir C.H.O. maak ook voorsiening vir diegene wat nie 'n graadkursus kan of wil volg nie. Hulle kan 'n studiekursus vir een van die volgende diplomas volg:

Diploma in Bedryfsrekeningkunde wat opgevolg kan word deur die Universiteitsdiploma in Bedryfsadministrasie.

Diploma in die Teorie van Rekeningkunde. Hierdie studie is toegespits op die voorbereiding vir die eksamen van die geoktrooieerde rekenmeesters. Die leergang van hierdie diploma bevat minder vakke as die B.Comm.(Rekeningkunde) en die Honns.B.Comm.(Rekeningkunde).

Laer Universiteitsdiploma in Handel. Dit is 'n tweejarige studie met die doel om die student beter toe te rus vir die sakelewe, veral as sekretaris.

6. SLOT

Die P.U. vir C.H.O. het probeer om sy handelopleiding so in te rig dat in die vernaamste behoeftes voorsien kan word.

Namate nuwe behoeftes ontstaan, is die Universiteit bereid om die uitbreiding van sy fasiliteite te oorweeg.

Ten slotte kan gesê word dat gepoog word om dit ook by die handelstudente tuis te bring dat dit in die ekonomiese lewe nie net om materiële voordele gaan nie, maar dat daar ook hoër waardes is en dat die regte perspektief behou moet word.

7. BEURSE

Daar is beurse wat deur ongeveer 25 liggame geskenk word vir studie in die Ekonomiese Wetenskappe. Hierbenewens is daar nog 'n groot verskeidenheid ander beurse vir enige studierigting.

Volledige besonderhede verskyn in die Universiteit se beursbrosjyre wat op aanvraag verkrygbaar is.

1. INHOUD

Bedryf- en Personeelsielkunde is die vakwetenskap wat hom besig hou met die studie van die mens in die werksituasie. Dit is 'n studie van die psigiese- en fisiese aspekte van ons menswees in sowel as 'n studie van die werksituasie self.

Bedryf- en Personeelsielkunde raak die vakgebiede van die Sielkunde en ander verwante vakwetenskappe soos sosiologie, bedryfsosiologie, ekonomie en ingenieurswese. Kennis van hierdie vakke is onontbeerlik omdat dit menslike optrede sinvol maak. Hierdeur kry mens 'n insig in die mens se intellektuele vermoëns, aanleg, vaardigheid, persoonlikheid, karakter en temperament. Dit is aspekte wat in ag geneem word by indiensneming van werkers.

Bedryf- en Personeelsielkunde behels ook 'n studie van daardie faktore wat die mens in die werksituasie raak soos fisiese omgewingstoestande waaronder die werksprestasie van individue nagegaan word onder invloed van geraas, beligting ens. Tyd- en bewegingstudie en die ontwerp van masjienerie word ook bestudeer.

In die jongste tyd word klem gelê op reklamesielkunde wat vir die handel van groot belang is.

Bedryf- en Personeelsielkunde is 'n vakwetenskap wat op die mens en sy arbeidsfunksie toegespits is en probeer om die student op te lei vir sy funksie as werker.

2. VOORGRAADSE OPLEIDING

Geen besondere matriekvakke word vereis nie, maar 'n kennis van wiskunde kan handig te pas kom by gevorderde studie.

2.1 Kombinasie van hoofvakke vir B.Comm.:

Bedryfsielkunde met Ekonomie en Bedryfsekonomie.

2.2 Byvakvereistes is soos deur die fakulteit Ekonomiese Wetenskappe neergelê.

2.3 Bedryfsielkunde vir die B.A.-graad

Dit word geneem saam met sosiologie of 'n ander hoofvak soos dit ingepas kan word.

2.4 Aanleg vir die vak

Indien 'n persoon maklik met mense oor die weg kan kom, insig in hulle probleme kan verkry en opreg belangstel, het hy 'n redelike kans op sukses om die kursus te slaag.

2.5 Beurse

'n Groot verskeidenheid beurse is beskikbaar. Verwys na die beursbrosjyre van die Universiteit.

2.6 Werkgeleenthere

Bedryf- en Personeelsielkunde lei gewoonlik tot een of ander personeelfunksie. Die vakgebied stel studente in staat om personeelbeamptes, indiensnemingsbeamptes of opleidingsbeamptes te word in die nywerheid, handel of staatsdiens. Indien 'n student knap is, kan hy vorder tot op bestuursvlak.

3. NAGRAADSE STUDIE

Die Honns.B.A.- of Honns.B.Comm. behels intensiewe en uitgebreide studies van die studiegebied wat oor die Baccalaureuskursus versprei is.

'n M.A.- of M.Comm.-verhandeling bestaan uit 'n goedgekeurde onderwerp uit die gebied van die Bedryfsielkunde. Dieselfde geld vir 'n D.Phil. of D.Comm. proefskrif.

Verder studie is noodsaaklik vir navorsing en lei die student tot rypheid en kennis.

1. INHOUD

Bedryfsekonomie is net soos die Ekonomie, een van die basiese vakke vir die B.Comm.-studierigting. Dit het uit die Ekonomie gespruit. Die groot vooruitgang op die gebied van die handel en nywerheid het dit noodsaaklik gemaak dat 'n nuwe en afsonderlike wetenskap sou ontstaan wat al sy aandag aan hierdie sektor van die ekonomiese lewe, naamlik die handel en nywerheid, kon gee.

Die Bedryfsekonomie het as taak om 'n studie van al die ekonomiese aspekte van die onderneming te maak, om sodoende te bepaal wat werklik in die onderneming aangaan en hoe die onderneming sy werksaamhede behoort in te rig om doeltreffend te funksioneer. So 'n ontleding gee die student 'n insig in die werking van die onderneming en stel hom in staat om te kan oordeel of daar enige verbeteringe in die bestuur van die onderneming aangebring behoort te word.

Met hierdie doel voor oë bestudeer die Bedryfsekonomie al die aspekte van die onderneming van sy ontstaan.

Die oprigtingsprobleme word behandel, byvoorbeeld watter soort produk vervaardig of bemark moet word, hoe groot die onderneming moet wees, waar dit opgerig moet word, hoe die geboue ontwerp en ingerig moet word, moet dit 'n eenmansaak, vennootskap, maatskappy of koöperasie wees en wat moet die beginsels van organisasie en bestuur wees.

Daarna word die verskillende funksies van die onderneming bestudeer, naamlik produksie, personeel, bemaking, finansies en administrasie.

Onder produksie word die doelmatige produksiebeplanning en -kontrole behandel, terwyl by personeel o.a. die probleme van indiensneming, opleiding, bevordering, besoldiging en goeie verhoudinge aandag geniet. Onder bemaking word nie alleen die funksies van die verkoopsdepartement van 'n onderneming behandel nie, maar ook die samestelling en werking van die handel in die algemeen soos ons dit buite die onderneming aantref. Die afdeling oor die finansiering bestudeer die vraagstuk waar die finansies verkry, hoe dit verstandig in die onderneming aangewend en die winste verdeel moet word. Die administratiewe funksie handel oor die werksaamhede van die kantoor van die onderneming.

Dié kursus word gewoonlik afgesluit met die behandeling van sekere aspekte van die verhouding van die onderneming tot die owerheid en ander liggame soos bedryfsverenigings.

Bedryfseconomie is dus 'n wetenskap wat hoofsaaklik op die praktyk toegespits is en probeer om die student insig en kennis van die bestuursprobleme van die onderneming te gee.

2. VOORGRAADSE OPLEIDING

2.1 Kombinasie van belangrikste vakke

Die volgende word aanbeveel:

Bedryfsekonomie met Ekonomie en Geld- en Bankwese - hierdie kombinasie gee 'n breë agtergrond;

Bedryfsekonomie met Kosteberekening en Rekeningkunde - dit is nodig vir diegene wat as rekenmeesters en kosterekenaars tot die praktiese bedryfslewe wil toetree;

Bedryfsekonomie met Ekonomie en Bedryf- en personeelsielkunde - dit gee 'n aantreklike opleiding vir iemand wat later in personeeldepartemente gaan werk; of

Bedryfsekonomie met regsvalke - dit is nodig vir die latere LL.B.-studie of regsberoep.

2.2 Byvakvereistes

Eintlik laat die B.Comm.-kursus nie veel keuse wat byvakke aangaan nie. Dit is wenslik dat Bedryfsekonomie gepaard sal gaan met kursusse in Rekeningkunde, Kosteberekening, Handelsreg, Ekonomie en Geld- en Bankwese en Bedryf- en personeelsielkunde.

2.3 Skoolopleidingsvereistes

Geen besondere matriekvalke word vir die studie van bedryfsekonomie vereis nie. 'n Kennis van Wiskunde kan 'n gevorderde studie van die vak vergemaklik.

2.4 Aanleg

Geen besondere aanleg word vereis nie.

2.5 Beurse

Besonderhede kan verkry word van die Universiteit.

2.6 Werkgeleentehede

Studente wat Bedryfseconomie bestudeer het, kry maklik werk in die Staatsdiens (bv. die Departement Landbou-Ekonomie en -bemarking, die Departemente van Handel en Nywerheid, die Raad van Handel en Nywerheid, die Departement van Buitelandse Sake of die Departement van Beplanning). Daar is ook 'n groot vraag na hierdie studente in die praktiese bedryfslewe, waar hulle soms op betreklik vroeë leeftyd reeds aantreklike administratiewe poste beklee. Die provinsiale skole, handelsskole en tegniese kolleges bied goeie geleentehede vir handelsonderwysers.

3. NAGRAADSE STUDIE

3.1 Studieveld

Vir die honneursstudie kan Bedryfseconomie òf saam met Ekonomie en Geld- en Bankwese òf saam met Kosteberekening geneem word. Eersgenoemde gee 'n breë agtergrond, terwyl laasgenoemde rigting meer gespesialiseerd en op die praktiese funksionering van die onderneming toegespits is.

Die meestersgraadstudie in Bedryfseconomie bied meer geleentheid vir spesialisasie. Die student bestudeer twee onderwerpe waarin hy belangstel, soos bemaking, marknavorsing, orga-

nisasie en beleid, belegging, versekeringswese of vervoerwese. Behalwe hierdie twee onderwerpe moet die student ook 'n skripsie van wetenskaplike waarde skrywe.

Vir die doktorsgraad word slegs 'n proefskrif vereis wat handel oor navorsing oor een of ander probleem uit die studieterrein van die Bedryfseconomie.

Nagraadse studie word sterk aanbeveel, deels omdat dit so 'n verryking van kennis meebring. Dit is in 'n groot mate selfstandige studie en veel aangenamer as die B.Comm.-studie, omdat die aandag nou nie meer oor so baie vakke versprei is nie.

3.2 Navorsing

Met die ontwikkeling van die handel en nywerheid neem die belangstelling in Bedryfseconomie, wat die ekonomiese aspekte van die bedryf bestudeer, besonder toe. Daarvan getuig die groot getal publikasies van verskillende lande wat elke jaar hieroor verskyn, asook die baie bestuursinstitute en gereelde kortkursusse in allerlei bestuursprobleme. Hierdie studieterrein bied geleentheid vir belangrike en interessante navorsing.

3.3 Werkgeleenthede

Die vraag na nagraadse studente is beslis baie groot, en orals geniet hulle voorkeur weens hulle meer uitgebreide kennis van die vak. Die verskynsel dat groot ondernemings soveel moeite doen om hulle beampptes die geleentheid te gee om met hulle

nagraadse studie aan te gaan, is 'n bewys van die tekort aan hierdie persone met die hoër grade. Weens hulle bestuurskennis word hulle betreklik gou tot die hoër verantwoordelike poste bevorder.

4. DIPLOMAKURSUS

Benewens graadkursusse, word ook 'n kursus vir die Laer Universiteitsdiploma in Handel aangebied. Die minimum toelatingsvereiste is die matrikulasiesertifikaat of middelbare skoolleindsertifikaat of 'n Nasionale Senior Sertifikaat.

Die kursus duur twee jaar en sluit o.a. vakke soos Bedryfseconomie, Ekonomie, Rekeningkunde, Bedryf- en personeelsielkunde en Sekretariële Praktyk in.

Die doel van die kursus is om persone wat nie die matriekvrystellingsertifikaat het nie, tog 'n universitêre opleiding te gee wat hulle beter vir die sakelewe sal bekwaam.

1. INHOUD

Ekonomie is die moeder van alle ekonomiese wetenskappe, omdat alle ander ekonomiese vakke soos Bedryfseconomie en Geld- en Bankwese daaruit ontwikkel het. Vandag nog, bestaan daar die nouste verband tussen Ekonomie en Geld- en Bankwese wat in die jongste tyd as 'n selfstandige rigting in die ekonomiese wetenskappe ontwikkel het. Vandaar dat die twee departemente in hierdie stuk gesamentlik behandel word.

Die Ekonomie - insluitende Geld- en Bankwese - is die wetenskap wat die ekonomiese bedrywighede van individue, ons land en ander lande bestudeer. Ekonomiese bedrywighede behels in breë trekke alle besluite en handelinge oor verbruik, produksie, ruil (markte), geld en ekonomiese politiek.

Elke individu is 'n verbruiker wat besluite moet neem oor hoe hy sy inkome tussen die verskillende produkte en dienste of spaar moet verdeel. Elke individu beskik ook oor produksiefaktore soos arbeid en kapitaal, wat in die produksieproses aangewend word om produkte en dienste vir verbruik daar te stel. Produksie sluit die aktiwiteite van die volgende in: die boer, die mynbouer, fabrikant, handelaar ens. Spesialisasie in produksie het ruil (handel) noodsaaklik gemaak, en geld vervul die rol van algemeen aanvaarde ruilmiddel, terwyl die banke en ander finansiële instellings die ruilproses en geldvoorsiening vergemaklik. Tussen verskillende lande is daar ook spesialisasie wat tot internasionale ekonomiese betrekkinge lei. Elke land het 'n be-

paalde ekonomiese stelsel bv. kapitalisme en kommunisme, wat met 'n spesifieke ekonomiese politiek gepaard gaan. Laasgenoemde omvat alle vorme van staatsinmenging in die nasionale en internasionale ekonomie soos die bemarking van landbouprodukte en die beskerming van binnelandse fabrieke.

Elke individu in die samelewing word in die ekonomiese lewe betrek en moet beslissings neem wat vir sy lewensbehoefte van die grootste belang is. Elke onderneming moet 'n grondige kennis van die ekonomiese aspekte van sy saak sowel as sy samelewing en land hê. Dus, kennis van die Ekonomie en Geld- en Bankwese is van die uiterste belang vir elke individu en onderneming.

2. VOORGRAADSE STUDIE

2.1 Voorvereistes

Vir die studie van Ekonomie en Geld- en Bankwese aan die universiteit word geen besondere matrikulasievakke vereis nie. Dit word egter sterk aanbeveel dat voornemende studente Wiskunde vir die matrikulاسie neem. Ekonomie en 'n derde taal kan ook nuttig wees.

L.W. Voorligters moet asseblief nie reken dat alle leerlinge met wiskundige aanleg noodwendig natuurwetenskappe moet neem nie. In die ekonomiese wetenskappe is die behoefte net so dringend en die geleentheid onbeperk.

2.2 Kombinasies van belangrikste vakke

Die volgende word aanbeveel:

vir B.Comm.

Ekonomie; Geld- en Bankwese; Bedryfseconomie;

of

Ekonomie, Geld- en Bankwese; Statistiese Wiskunde (en moontlik Bedryfseconomie).

vir B.A.

Ekonomie, Geld- en Bankwese; Staatsleer of Sosiologie of Regte.

2.3 Byvakvereistes

Ekonomiese Geskiedenis I is verpligtend en Ekonomiese Geskiedenis II is wenslik. Die huidige ekonomiese situasie is die resultaat van 'n lang ontwikkeling waarvan die studente kennis behoort te dra om die huidige dus beter te verstaan.

2.4 Beurse

'n Groot getal beurse is beskikbaar. Vir meer besonderhede, verwys na die beursbrosjure van die Universiteit.

3. WERKGELEENTHEDE

Insig in die ekonomiese lewe van ons land en ander lande

is van die allergrootste belang vir elke individu en die sakelewe.

Daarbenewens vind studente met hierdie vakke baie maklik betrekings in die Staatsdiens (bv. Departement van Beplanning, Raad van Handel en Nywerheid, Departement van Landbou-Ekonomie en Bemaking, Buro vir Sensus en Statistiek, Buitelandse Handelsafdeling).

In die sakelewe word die mense ook te gretiglik opgeneem in administratiewe betrekings teen aantreklike salarisse.

Ekonomie, Geld- en Bankwese saam met Bedryfseconomie en Rekeningkunde, vorm die beste kombinasie vir voornemende onderwysers in die handelsvakke aan middelbare en tegniese skole.

4. NAGRAADSE STUDIE

4.1 Studieveld

Die honneursstudie omvat 'n afronding van die hele studieveld op 'n heel gevorderde vlak.

Vir die magistersgraad kan die studente twee keusevakke neem, waarin dan 'n hoë mate van spesialisasie bereik word, bv. Koöperasiewese, Landbou-Ekonomie, Geld- en Bankwese, Buitelandse Handel, Besigheidsvooruitskating en Openbare Finansies. Daarmee saam gaan 'n skripsie wat navorsing oor 'n beperkte onderwerp is.

Die akademiese vorming van die student is op die magisterspeil pragtig afgerond, en daarna staan die navorsing voorop.

Die doktorsgraad word verwerf deur middel van 'n proefskrif wat oor navorsing oor enige onderwerp uit hierdie studieterrrein handel.

4.2 Navorsing

Navorsing kan oor die hele terrein van die Teoretiese Ekonomie en Geld- en Bankwese of die toegepaste terreine gedoen word.

Belangrike navorsing oor koöperasiewese, onderontwikkelde gebiede, bemaking, volksrekening en so meer is in die afgelepe jare afgehandel of word tans onderneem.

4.3 Werkgeleenthede

Nagraadse studente geniet besliste voorkeur in die arbeidsmark, enersyds vanweë hulle beter afgerondheid en andersyds vanweë spesialisasie in bepaalde rigtings.

As gevolg van die grootskaalse nywerheidsontwikkeling in ons land met sy fenomenale hulpbronne kan die vraag na goed opgeleide ekonome nie naastenby bevredig word nie, en die ontwikkeling dui daarop dat die vraag na uitvoerende amptenare in die toekoms nog baie groter sal wees. As gevolg van die tekort aan hierdie soort opgeleides word dikwels fantastiese salarisse betaal.

KOSTEBEREKENING

1. INHOUD

Die teenswoordige ingewikkeldheid van handelondernemings noodsaak deskundige kennis en gespesialiseerde opleiding. Een van die belangrikste steunpilare vir hedendaagse bestuur is Kosteberekening in al sy vertakkinge.

Kosteberekening behels in breë trekke 'n behoorlike verslag van die interne verrigtinge van die onderneming en kom kortliks op die bestudering van die volgende neer:

1.1 materiaal en materiaalbeheer t.o.v.

aankope en ontvangs,
opberging en uitreiking,
voorraadbeheer en voorraadwaardasie,
toedeling en verbesondering van materiaalkoste na die vervaardigde produk;

1.2 arbeid t.o.v.

tyd bestee en verlore tyd,
besoldigingsprobleme,
berekening van lone,
verdeling, toedeling en verbesondering van arbeidskoste na die verskillende takke, prosesse en dienste;

1.3 Bokoste t.o.v.

klassifikasie,
toedelingsprobleme,
berekening van diensdepartemente;

1.4 kosteprosedures t.o.v.

organisasieprobleme,
beplanning en installering van kosteberekeningspro-
sedure,
ontwerp van kostedokumente,
kodifikasie,
inskakeling van elektroniese berekenaars en ander
meganiese hulpmiddele om informasie te verwerk,
koste-ouditering;

1.5 kostetegniese

absorpsie-, grenskoste en ander tegnieke,
waardeverminderingsprobleme,
doelmatige aanwending van bates,
begrotingsbeheer en standaardkoste,
prognosebepaling,
wins- en verlieskruispuntontleding;

1.6 verslae aan bestuur

aanbieding van informasie,
interpretasie van informasie.

2. VOORGRAADSE STUDIE

2.1 Middelbare skoolopleiding: Gewone of handelsopleiding.
Wiskunde is 'n aanbeveling.

2.2 Verpligte belangrikste vak: Bedryfseksonomie of Rekeningkunde.

2.3 Byvakvereistes: Die gewone B.Comm.-vakke.

2.4 Beurse

Benewens ongeveer 25 beurse spesifiek vir studie in Ekonomiese Wetenskappe, is daar nog 'n groot verskeidenheid ander beurse en lenings beskikbaar.

2.5 Aanleg

Die persoonlike hoedanighede van die kosterekenmeester is dat hy in staat moet wees om die basiese beginsels van sy vak te kan toepas. Hy moet akkuraat en vinnig kan werk. Hy moet in staat wees om sowel 'n geheelbeeld as 'n ontleding van die situasie te kan vorm.

2.6 Werkgeleentheid

Die status van die kosterekenmeester is as gevolg van sy belangrike werk, in elke onderneming baie hoog. Kosteberekenaars word gevind in die handel en nywerheid, in staatsdepartemente, as konsultante en dosente aan opvoedkundige instellings.

3. NAGRAADSE STUDIE

Die volgende rigtings kan gevolg word:

kosteberekening,
bedryfsadministrasie,
kosteberekening/bedryfseconomie.

Sommige van die byvakke vir bogenoemde rigtings is onder andere: Bedryfseconomie, Produksiemetodes, Organisasie en Metode, Administratiewe Outomatisasie, Bestuursrekeninge en Rekeningkunde.

'n Gevorderde studie word gemaak van onderwerpe soos: standaardkoste, proseskoste, newe- en medeprodukte, begrotings, bestuursrekeninge, kostevariabiliteit en variabele kostekalkulasie.

'n Belangrike aspek wat in die verband ook aandag verdien, is die gevallestudies wat gemaak word van situasies wat in die praktyk in sake-ondernemings ontstaan het.

4. DIPLOMAS

Benewens graadkursusse word die volgende diplomakursus ook nog aangebied:

DIPLOMA IN BEDRYFSREKENINGKUNDE

Minimum toelatingsvereistes: 'n Student moet in besit wees

van die B.Comm.-graad met Rekeningkunde III, Kosteberekening II, Inkomstebelasting I, of die Nasionale Diploma vir Kosterekenmeesters.

5. SAMEVATTING

Die funksies van die kosterekenmeester kan soos volg opgesom word:

- 5.1 om rekerenskap van inkomste en uitgawe te kan gee t.o.v. verkope, produksie en administratiewe aangeleenthede van die onderneming;
- 5.2 om die gunstigste verkope-produksie-verhouding in die onderneming te kan bepaal;
- 5.3 om verspillings t.o.v. materiaal, arbeid en bokoste tot die minimum te beperk;
- 5.4 om behoorlike kostestandaarde te kan uitbou;
- 5.5 om alternatiewe moontlikhede van bestaande metodes t.o.v. produksie te ondersoek en te verbeter;
- 5.6 om koste-informasie op korrekte en juiste wyse vir die bestuur te interpreteer en die bestuur te help om gesonder besluite te kan neem.

1. INHOUD

Soos die naam aandui, is dit die wetenskap van rekeninge, of, in eenvoudiger taal gestel, is dit niks anders nie as boekhou, soos dit op skool algemeen bekend is. Die studie van die vak behels die bestudering van die boekhoustelsels wat deur die verskeie ondernemings gebruik word, nadat terdeë met die beginsels van die vak kennis gemaak is. Deur behoorlik boek te hou van al die transaksies wat 'n onderneming aangaan, kan uit dië boeke vasgestel word wat die finansiële posisie daarvan is, dus: wat die saak aan ander persone skuld en omgekeerd wat persone weer aan die saak skuld. Na voltooiing van die leerplan is dit moontlik om byvoorbeeld die boeke van 'n maatskappy, 'n garage, 'n prokureur, of 'n hotel te kan opskryf. Praktiese ervaring is 'n vereiste en verhoog die bedrewenheid van die rekenmeester.

2. VOORGRAADSE STUDIE

2.1 Kombineer die vak Rekeningkunde liefds met die hoofvak Kosteberekening of Bedryfseconomie.

2.2 Die volgende byvakke is die wenslikste indien nie reeds geneem nie:

Kosteberekening, omdat die student een of ander tyd met die berekening van koste te doen sal kry en dit sal kan help om pryse te kan bepaal van produkte waarin die onderneming handel.

Bedryfsekonomie, wat in die besonder die bedryf in die ekonomiese samelewing bestudeer.

Ouditkunde, wat die nagaan van die inskrywings in die boeke behels, dus feitlik 'n inspeksie van die inskrywings om te bepaal of 'n inskrywing korrek is en of die inskrywing gemaak moes gewees het. Kennis van hierdie vak sal die student dus in staat stel om 'n onafhanklike oordeel oor transaksies en inskrywings te kan uitspreek en veral oor die finansiële state van 'n onderneming.

Inkomstebelasting, om te kan bepaal watter bedrag die onderneming by wyse van inkomstebelasting moet betaal.

Handelsreg, om die student in staat te stel om die beginsels van die reg in die bedryfslewe te ken en dus te kan oordeel of 'n transaksie wettig is en wanneer 'n wettige ooreenkoms met iemand aangegaan is.

2.3 Dit is wenslik dat die volgende vakke vir matriek geneem word: Wiskunde, Boekhou en Handelsrekeno.

2.4 Daar is volop werkgeleenthede vir iemand met 'n B.-graad met Rekeningkunde as hoofvak; om 'n paar te noem: onderwyser, rekenmeester, ouditeur, sekretaris ens. en later ook bedryfsbestuurders en direkteure van maatskappye.

3. NAGRAADSE STUDIE

3.1 Die studieveld omvat die gevorderde behandeling van die onderwerpe van die voorgraadse leerplan.

3.2 Daar is nie uitermate baie navorsing, op akademiese vlak, in die vak gedoen nie, en navorsingsmoontlikhede is nie onbeperk nie as gevolg van die praktiese aard van die vak. Daar is egter nieteenstaande die voorgaande 'n behoefte aan navorsing.

3.3 Byvakvereistes is dieselfde as die vir die B.-graad.

3.4 Die aantal vraestelle is soos volg :

Honn.-graad: ongeveer 6 tot 8;

M.-graad : mondeling of soos deur die dosent bepaal word.

Die vereistes vir 'n skripsie is dat dit oor die onderwerp moet gaan waarin die kandidaat gespesialiseer het.

3.5 Werkgeleenthede

Werkgeleenthede is meer volop as vir B.-graad-studente.

Die geleenthede vir die bevordering van nagraadse studente is in die handel en nywerheid baie beter as die van studente met 'n eerste graad, en die geleentheid is veral groot om die boonste posisies te bereik.

Vanweë die geweldige uitbreiding van ons land se ekonomiese aktiwiteite, is die geleenthede vir persone met kennis van rekeninge, dus rekenmeester, haas onbeperk, aangesien elke onderneming ten minste een rekenmeester en soms nog 'n sekretaris

ook in diens moet neem. Dan is daar ook ouditeure, wat moet waak oor die belange van die beleggers, en met die uitbreiding en vermeerdering van ondernemings moet gevolglik ook meer van hierdie persone vir indiensneming beskikbaar wees.

4. DIPLOMA

Indien 'n persoon nie die graadkursusse wil of mag neem nie, kan hy die kursus vir die Diploma in die Teorie van Rekeningkunde neem. Die kursus duur vyf jaar, en sluit alleen die vakke in wat vir die Geoktrooieerde Rekenmeesterseksamen vereis word. Die kursus word gewoonlik na-uurs geneem onderwyl die student by 'n praktiserende rekenmeester werk.

vrystelling vir die LL.B.-graad verleen as die student met dié studies voortgaan.

Na-uurse lesings word ook vir hierdie graad aangebied, maar dan is die studietydperk vier jaar.

B.Juris (met aanvullende Lettere- en Wysbegeertevakke)

Die studietydperk vir hierdie kursus is drie jaar. Nie-regsvakke word gekies uit die vakgroepe van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Hierdie graad verleen toegang tot die graadkursus vir LL.B. wat twee jaar daarna voltooi kan word.

Die Staatsdienskommissie bied ook beurse vir hierdie graad aan.

B.Juris (met aanvullende vakke uit die Ekonomiese Wetenskappe)

Die studietydperk is drie jaar en nie-regsvakke word hoofsaaklik gekies uit vakke van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe. Hierdie graad verleen ook toegang tot die LL.B.-kursus wat twee jaar daarna voltooi kan word.

Ook hiervoor bied die Staatsdienskommissie beurse aan.

B.A. of B.Comm.

Sekere regsvakke kan egter ook by die B.A.- of B.Comm.-

graadleergange ingesluit word. Hierdie grade kan ook lei tot die LL.B.-graad, maar dan oor 'n langer tydperk. Vanselfsprekend val die klem by hierdie grade in die Fakulteite Lettere en Wysbegeerte en Ekonomiese Wetenskappe nie op die regsvalke nie.

Latyn is nie verpligtend vir die graad B.Juris (vir Staatsamptenare) nie, maar studente word aangeraai om dit wel te neem om die studie vir LL.B. te vergemaklik, want vir daardie graad is Latyn I verpligtend.

3. NAGRAADSE STUDIE

Die graad LL.B.

'n Vereiste vir toelating tot LL.B.-graadstudie, is dat die kandidaat in besit moet wees van 'n baccalaureusgraad in enige fakulteit.

Die duur van die LL.B.-studies word hoofsaaklik bepaal volgens die aantal regskursusse wat vir die baccalaureusgraad afgelê is en waarvoor vir die LL.B.-graadleergang vrystelling verleen is.

Die minimum studietydperk is soos volg:

drie jaar na B.Juris (vir staatsamptenare);
twee jaar na B.Juris (met aanvullende vakke van die fakulteite Lettere en Wysbegeerte en Ekonomiese Wetenskappe);
drie jaar na die B.A.- of B.Comm.-graad waarvoor sekere regsvalke geneem is;